Tema: Luister wanneer God praat en dien Hom met eerbied en dankbaarheid!

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Lied 159: 1, 3
Lied 169: 1, 2, 3;

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps 99 – 1: 1, 2
Votum
Seën
Loflied Ps 97 – 2: 1, 2, 4, 5
Geloofsbelydenis: 12 Artikels – almal hardop saam

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: Lees Eksodus 19: 1 tot 20: 2 asook Eks. 20: 18 – 21
Sing Sb 9 – 1: 1, 2, 10, 11
Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Heb 1: 1
Heb. 12: 14 – 29
Teksverse: Heb. 12: 25, 28 – 29
Sing Sb 15 – 5: 1, 4, 7
Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed
Liefdegawe
Sing Ps 95 – 2: 1, 3, 4
Seën
Amenlied: Sb 13-1.

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Dié van julle wat verlede Sondag hier in die erediens was, sal onthou dat ons almal deur die prediking uit Jesaja 40 aangegryp was deur die grootheid van God! Die onbegryplike grootheid van God as Skepper en as Onderhouer van sy skepping. Ons het daarop gefokus na aanleiding van die aangrypende fotos wat die James Webb ruimteteleskoop geneem het van afgeleë sterre en sterrestelsels! In wese fotos van God se grootheid in die skepping!

Die Woordbediening oor die grootheid van God het ons gebring by absolute verwondering oor God en aanbidding van God in sy grootheid en almag.

Vanmore, geliefdes, openbaar die Here weer op ŉ aangrypende wyse iets van Homself aan ons! Vandag wil God hê dat ons Hom in sy eerbiedwaardige en ja, selfs skrikwekkende, heerlike heiligheid sal sien!
God as Heilige, absoluut unieke en heerlike God! God as die bron van lewe en dood! En daarom is Hy die Een na Wie geluister moet word! Sy Woord bring lewe of dood!
Br en sr, mag ons "kyk" na die heerlike en heilige God ons vanmore oortuig om na Hom te luister! Om eerbied vir ons God te hê en Hom met toewyding dien!

| Die boodskap vanmore is dus so saamgevat: Luister na God en dien Hom met eerbied en dankbaarheid. |
|---|

Wys skyfie
Ons gaan hoofsaaklik op twee dinge fokus.

1. Wie is God?
- Hy is Heilig
- Hy (sy Woord) gee lewe en dood.

2. Luister na God
- Dringende oproep: Ons het meer ontvang – die groter genade bring groter oordeel.
- Hoe luister ons na God?
- Dien God met dankbaarheid en eerbied – Hy gee alles en Hy is steeds die Heilige God wat eerbied verdien.

1. Wie is God?
Wanneer ons aan die hand van hierdie Skrifgedeelte oor God nadink en vra "wie is God?" kan ek vanmore ongelukkig nie vir ons 'n foto of illustrasie van God wys nie! Die heilige en heerlike bestaanswyse van God noodsaak dat ons God nie kan of mag sien nie! God se heiligheid beteken in die eerste plek dat Hy absoluut uniek is! God is heeltemal anders as sy skepping en ons mense! God is ŉ heilige en geestelike wese

wat op ʼn totaal ander manier as ons bestaan! Sy heerlike bestaanswyse is so oorweldigend dat dit enige iets wat aards is of enige mense sal oorweldig en vernietig.

Kom ek probeer dit so illustreer dat ons kinders wel iets hiervan sou verstaan.
Wys skyfie van son
God is soos die son! Ons teksverse sê: God is ʼn verterende vuur! Die son is so kragtig dat niks naby die son kan kom nie! Enige iets wat in die ruimte te naby aan die son kom word verbrand en verniet! Nog duisend maal meer is God in sy heerlikheid en heiligheid! Niks of niemand kan naby Hom kom nie!

God heiligheid beteken ook dat daar in Hom of by Hom geen sonde of sondige dinge is of kan wees nie! God is sondeloos terwyl alles op aarde deur die sonde aangetas is! Daarom kan mense nie by God kom of iets van die aarde by God kom, sonder dat die sonde daarvan eers weggeneem is nie!

Dis waarom die Here, toe Hy met die volk by Sinai wou praat en sy wil vir hulle lewe wou leer, dat niemand naby die berg of op die berg kon kom nie! Nie eens die diere nie! Die doel daarvan was om vir die volk te leer hoe heilig God is! En ons lees dat toe die Here daar op die berg begin praat was dit so oorweldigend vir die volk dat hulle weggevlug het en gevra het dat die Here eerder met Moses praat en Moses dan met hulle!

Geliefdes, alhoewel God ons deur Christus met Hom versoen het en ons nou in innige gemeenskap met God kan lewe, beteken dit nie dat God nou nog net so heilig en heerlik is en dat ons steeds eerbied en ontsag vir Hom moet hê nie. Die Hebreërsskrywer wys in vers 23 daarop dat God steeds ʼn Regter oor almal is en in vers 26 en 27 dat God weer met die Wederkoms sy heerlike heiligheid aan ons sal toon! Die aarde gaan weer bewe en groot tekens sal in die hemelruim verskyn en almal sal dit sien!

Dit is ʼn valse teenstelling om te dink dat God in die Ou Testament ʼn God van straf en oordeel was en dat God in die Nuwe Testament net ʼn God van liefde en genade is. God is steeds heilig en die mense wat Hy deur Jesus met Hom versoen het, moet steeds heilige eerbied vir God hê. Hy is nie ons maatjie of maar net sommer net soos ʼn mens nie! Ons kan en mag God nie verlaag tot wie ons dink Hy is of wat ons wil hê Hy moet wees nie!

Immers, hierdie heilige God is ook die bron van lewe en dood! Net soos die son die middelpunt en bron van lewe op aarde is, so is God! Hy skenk lewe en Hy veroordeel tot die dood! Dit is God se reg! Dit is wie Hy in sy heilige heerlikheid is! Daarom verdien Hy ons respek en eerbied!

Sy woorde het vir Israel en ook vir ons die ware lewe gegee! Woorde van redding en verlossing vir almal wat daarna luister! Maar ook dood vir dié wat sy woorde afwys en

nie daarna luister nie! Dit het God ook in die Ou Testament bewys en dit is steeds sy waarskuwing!

Dit is die dringende en laaste waarskuwing wat die Hebreersskrywer vir sy lesers gee: in die lig van wie God is, die Heilige en lewegewende God, luister na Hom! Moenie God se woorde afwys nie! Moenie jou doof hou as God met jou praat nie!

Dit is immers die doel van sy skrywe! Onthou julle nog Hebreers 1: 1 en 2: "In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, [2]maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun".

God praat met ons deur Christus en dis woorde van genade en redding en lewe vir almal wat in Christus glo! Dwarsdeur die boek het die skrywer oor en oor aangetoon dat dit wat Christus vir ons bewerk het, is beter as die ou verbond!
Sion is beter as Sinai!

Die skrywer sê: Kyk net na die oorvloed van genade wat ons in Christus ontvang het! Baie meer en baie beter as wat die volk by Sinai ontvang het! Die skrywer gaan met sy motivering vir sy laaste dringende waarskuwing aan die lesers verder as voorheen in sy preek! Hy neem hulle en ons verby die Nuwe Testamentiese bedeling na die bedeling van die ewige lewe!
Wys skyfie:

Kyk in verse 22- 24! "[22]Maar julle het wel gekom by Sionsberg en die stad van die lewende God, dit is die hemelse Jerusalem met sy miljoene engele, by die feestelike samekoms, [23]die vergadering van die eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is. Julle het gekom by God wat Regter oor almal is, en by die geeste van dié wat vrygespreek en wat nou volmaak is, [24]by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, en by die besprinkelingsbloed wat van iets beters getuig as die bloed van Abel."

Brs en srs, ons het die ware en die volle lewe van God deur Jesus Chrstus ontvang!

2. Luister na God

Daarom, kom ons luister as God met ons praat! Die oproep in vers 25 kom baie ernstig! Die skrywer sê: "Pas op". Kyk mooi, moenie hier 'n fout maak nie! Hierdie is belangrik! En wat is belangrik?: Moet Hom wat met julle praat, nie afwys nie! Wie praat met ons? God deur Jesus Christus!

Wat moet ons nie doen nie? Ons moet God nie "afwys" nie! Hierdie woordjie "afwys" kan ons nie net vertaal met: nie luister nie!

Hierdie woord het drie betekenisvelde:

1. “Afwys” beteken eerstens: weier om te luister! Om God te ignoreer! Om jou glad nie aan God se Woord te steur nie! Hier sal ons seker kan dink aan mense wat glad nie in God glo nie en wat hulle rug op God gedraai het! Ons sal wil glo dat hierdie betekenis nie op een van ons van toepassing is nie!

2. “Afwys” beteken tweedens ook: om te hoor maar nie te doen nie! Dit klink soos ŉ waarskuwing wat op gelowiges van toepassing kan wees. Dat ons God se Woord hoor maar nie ernstig genoeg opneem om dit te doen nie! Jakobus waarsky ook in sy brief teen gelowiges wat net luister na die Woord maar dit nie doen nie!

Geliefdes, die Here waarsku ons ernstig hierteen! Ons kan elke dag ons Bybel lees. Elke Sondag ŉ erediens bywoon, maar as ons nie doen wat God sê nie, dan wys ons Hom af! Kinders: julle leer in die Katkisasie van die Here, maar as jy nie doen wat die Here sê nie, dan het jy nie eerbied vir Hom nie! Jy luister mos as pappa en mamma praat – want jy respekteer hulle! Net so moet ons uit respek na God luister en doen wat Hy vra!

3. Die derde betekenis van “afwys” is om te hoor, maar verskonings aan te bied waarom ek nie kan doen wat gevra word nie! Dalk is ek en jy hieraan skuldig! Dat ons ons wel goed hoor en weet wat God wil en weet hoe Hy gedien wil word, maar ons het baie verskonings hoekom ons dit nie kan doen nie! Toe Jesus van sy dissipels geroep het om Hom te volg en hulle die een na die ander verskonings aanbied van waarom hulle dit nie nou kan doen nie – het Hy bloot gesê: dan is julle nie waardig om my koninkryk te ontvang nie!

Daarom die dringende oproep: luister wat God sê en dien Hom toegewyd! Wees gehoorsaam aan sy woord!

Die skrywer maak dan sy laaste vergelyking: hy verwys na diegene in die Ou Testament wat “minder ontvang het”, en wat nie geluister het nie en wie deur God gestraf is met die dood! As hulle wat dan minder as ons ontvang het, geoordeel word, hoeveel te meer ons wat soveel meer ontvang het! Die groter genade bring ook ŉ groter verantwoordelikheid teenoor God!

Des te meer omdat ons die groter genade van die Heilige Gees ontvang het. Die Gees wat in ons woon en ons lei. Hy herinner ons gedurig aan wat God sê en Hy skenk krag en wil en oortuiging om na God te luister en te doen wat Hy vra! Hoe kan ons dan die Heilige Gees afwys????

En onthou: God kom weer as Regter, God gaan Hom weer in sy heerlike heiligheid openbaar! Hy is steeds ŉ verterende vuur wat nie duld dat sy Woord afgewys word nie!

Daarom geliefdes, kom ons luister en kom ons dien die Here met eerbied en ontsag! Eerbied deur dat ons God ag vir wie Hy is: Die Heilige God wat lewe gee en eerbied deur na Hom te luister en Hom te dien!

Want kyk net wat het ons ontvang: In Christus is ons deel van God onwankelbare koninkryk! Ons het alles ontvang wat ons nodig het! Genade op genade! Soveel dat ons alreeds iets van die ewige lewe kan proe! Daarvoor kan ons net dankbaar wees! Dankbaar dat God dit in Jesus vir ons gegee het!

Luister dan wanneer God praat en dien Hom met eerbied en dankbaarheid

Amen